

21 MAART

SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 11:1-17
FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 11:14

Seremonies bring geen verbondsvreugde nie

God se verbond met Israel het beteken dat hulle aan Hom gehoorsaam moes wees en doen wat Hy beveel. Sodoende sou hulle God se volk wees en Hy hulle God wees. Die volk lewe egter in die waan dat die verbondsverhouding daarin bestaan dat hulle maar slegs gereeld hulle offers moet bring. Hierdie offers is net uiterlike godsdienstige pligpleginge, seremonies sonder die hart en gaan nie met 'n oorgegewe, heilige lewenswandel gepaard nie. Hulle lewe is nie 'n welriekende offer vir God nie. Daarom kom die opdrag weer, net soos in Jeremia 7:16, dat Jeremia nie vir hulle sal bid nie. Hulle onheilige lewenswyse het 'n breuk in hulle verbondsverhouding met God veroorsaak. God haat skynheiligheid.

Ons godsdienst word dikwels beperk tot sekere seremonies – kinders moet gedoop word, Nagmaal moenie gemis word nie, kinders moet by die katkisasie wees om uiteindelik belydenis van geloof af te lê en bydraes moet gegee word. Ons harte is egter nie daarin nie. Die kern van ons godsdienst is dat Christus se skuldoffer van my 'n lewende offer vra (Rom. 12:1, 2). Ons moet ons verloën, ons kruis opneem en Christus volg. Ons doop, Nagmaal, die opvoeding van ons kinders, bydraes en allerhande godsdienstige aksies moet gedring word deur die liefde van God in Christus. God se verbondsverhouding met ons in Christus vra 'n dankbaarheidslewe, 'n lewe oorgegee in sy diens. God het geen behoefte aan koue pligpleginge wat in 'n besige program so nou en dan ingepas word nie, maar Hy vra 'n lewenswyse wat van 'n intieme verbondsverhouding met God in Jesus Christus getuig.

Sing: Psalm 105:2, 5

Ds Theuns de Klerk (Okahandja)